
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**DRAMATIESE KUNSTE**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 42 bladsye en 2 bylaes.**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS**

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.
2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie ('Revised Bloom's Taxonomy').
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 denkprosesse van kompleksiteit
3. Nasieners:
   - Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne uiteen te sit.
   - Vind algemene definisies en begrippe.
   - Assimileer en standaardiseer die:
     - Verwagte antwoorde op elke vraag
     - Kognitiewe moeilikheidsvlak wat vereis word van die kandidaat
     - Tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
     - Aksiewerkwoorde wat gebruik word by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
4. Maak 'n duidelike regmerkie langs die kognitiewe vlak/denkproses van kompleksiteit/konsep/inhoud/vaardigheid/kennisaspek wat vereis word wanneer 'n punt toegeken word.
5. Raak aktief betrokke by die antwoord.
6. Verwys na die rubrieke in die bylaes aan die einde van die nasienriglyne om te verseker dat nasien regverdig, geldig en betroubaar is en aan duidelike kriteria gemeet word.
7. Daar moet gedurende die nasienproses gereelde konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
8. Die nasienriglyne kan nie al die antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en moet ontvanklik wees met die kandidate se unieke antwoorde.
9. Aanvaar ander korrekte antwoorde wat die kandidaat se kennis, konsepte en vaardighede weergee. Die meerderheid vrae van die vak, Dramatiese Kunste, verwag van 'n kandidaat om persoonlike subjektiewe opinies asook oorspronklike en kreatiewe antwoorde te gee.
10. Die Dramatiese Kunste-vraestel bestaan uit kort, medium- en lang opstelvrae wat in sommige gevalle van kandidate vereis om inhoud te verskaf om hulle eie, persoonlike, unieke en subjektiewe opinies, standpunte, beredenerings of ervarings te ondersteun en oorspronklike en kreatiewe denke toe te pas.
11. Sien uit 'n holistiese oogpunt na en met 'n omvattende oogpunt en aanvaar korrekte en relevante antwoorde wat nie in die Nasienriglyne is nie.
12. Maak seker dat kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe van graad 10/11/12 (konsepte, vaardighede en kennis) en met die spesifieke vraag se vereistes.
13. As die nasienriglyne nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.
14. Nuwe of onervare nasiener moet tydens die hele proses óf deur die Hoofnasiener óf die Interne Moderator gemodereer word.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

15. Nasieners se punte bepaal nie noodwendig waar die finale, voorafbepaalde toleransiebereik toegepas word nie. Wanneer ’n nasiener se antwoordstel of vraag/vrae hernasien of gemodereer word, kan die Hoofnasiener en die Interne Moderator die toepassing van die toleransiebereik aanpas.
16. Alle nasieners moet streng opgelei word om in staat te wees om Bloom se Taksonomie en die rubrieke te analiseer en op die kandidate se antwoorde toe te pas om 'n regverdige, geldige en betroubare punt te bepaal.
17. Nasieners moet nie net aan die begin van die nasienproses opgelei word nie. Opleiding moet regdeur die hele nasienproses van die eerste dag tot die laaste dag plaasvind.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

### Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verstaan:

1. **Itemmoeilikheidsgraad (Vraag/Item):**
   Hoe kompleks/moeilik is die ontwerp van die werklike vraag/item self?
2. **Taakmoeilikheidsgraad (Nasienriglyne):**
   Wat is die kompleksiteit/moeilikheidsgraad van die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad (Bron):**
   Hoe kompleks/moeilik of maklik is dit om die bron toe te pas en te verstaan?
4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word:**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik geweeg en toegeken?

– Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg:

- Maak seker daar is standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen
- Standaardiseer nasionale nasienprosedures, prosesse en uitslae
- Volg die volgende prosedure:
  *Ondersoek die item (vraag) en taak (nasienriglyne):*
  - Lees die item en bepaal die vlak van kompleksiteit en moeilikheidsgraad van die ontwerp van die vraag: lae, middel of hoë vlak
  - Lees die taak (nasienriglyne) en bepaal watter inhoud van die kandidaat vereis word om die vraag te antwoord. Som die inhoud op
  - Deel antwoordplanne en som verwagtinge oor kandidate se antwoorde op.
  - Deel nie net die kwantiteit bewyse nie, maar ook die kwaliteit van die bewyse (hoe goed)

  *Fasilitering van die opleiding van die nasiener m.b.t. die nasienriglyne en die rubrieke*
  - Hersien die rubriek met betrekking tot die item en die taak
  - Hersien die prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die kriteria van die rubriek te pas en alle elemente ewe veel te laat weeg)

  *Oefen om individueel na te sien*
  - Sien 'n stel oefenskrifte na
  - Nasieners moet die skrifte onafhanklik nasien

Die Hoofnasiener/Interne Moderator moet die nasieners se punte aanteken en die bespreking lei. (Opleidingskrifte moet punte en kommentaar bevat.)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A: 20STE-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS**

**VRAAG 1**

**Die kandidaat moet:**

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord.

Verwys en integreer die volgende:

- Die inligting vervat in BRON A
- Die toneelteks wat bestudeer is
- Die relevante 20ste-eeuse Teaterbeweging wat bestudeer is (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater)
- Die vraag
- Toon dat die vraag en bron verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en in hulle opstel geïntegreer is
- Kontekstualiseer gememoriseerde kennis in 'n oorspronklike argument wat feitelike, kontekstuele, prosedurele en metakognitiewe denke toon

**Nasieners moet die volgende in ag neem:**

- Kandidate moet toon dat hulle die bostaande verstaan en krities ontleed en in hulle opstel toegepas het
- Die rubriek is 'n gids vir die nasiener om die volgende te assesseer:
  - Kognitiewe vlakke (onthou, verstaan, toepas, analiseer, evalueer en skep)
  - Kompleksiteite van denke wat deur die kandidaat getoon word (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Al die vrae se vlakke, elemente en instruksies moet in ag geneem word wanneer die opstel nagesien word
- Om 'n billike, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners bevoeg wees in die betekenis en toepassing van Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek:
- Kriteria (vaardighede, kennis, konsepte, tegnieke en inhoud)
  - Vlakbeskrywers (laag, middel en hoog)
  - Woordbeskrywers
  - Aksiewerkwoorde
  - Kognitiewe vlakke
  - Denkprosesse
- Nasieners moet streng opgelei word hoe om al ses die kognitiewe vlakke, asook die vier denkprosesse te identifiseer, te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasies te meet
- Pas leerderantwoorde/-bewyse op kriteria toe in die rubriek en oorweeg alle eienskappe en hoeveelhede soos van toepassing op vlakbeskrywers

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| BESKRYWER | PUNTE | DIE KANDIDAAT SE ANTWOORD TOON 'N VERMOË OM (TE): |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br>**Metakognitiewe**<br>**Skep** | **27–30**<br>**90–100%**<br>**A+** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Skep, ontdek, vernuwe, verander op 'n uitstaande wyse met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Skep 'n nuwe, unieke en gedifferensieerde argument wat refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstaande vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstaande wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks en die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks insiggewend gekose inhoud en ander bronne |
| **Uitstekend**<br>**Metakognitiewe**<br>**Evalueer** | **24–26**<br>**80–89%**<br>**A** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Beoordeel, lewer kritiek en evalueer op 'n uitstekende manner met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstekende vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstekende wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks, die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud en ander bronne |
| **Verdienstelik**<br>**Prosedureel**<br>**Ontleed** | **21–23**<br>**70–79%**<br>**B** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Maak gevolgtrekkings, dekonstrueer konsepte, ontdek op 'n verdienstelike wyse; met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n verdienstelike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik en kontekstualiseer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud |
| **Wesenlik**<br>**Prosedureel**<br>**Toepas** | **18–20**<br>**60–69%**<br>**C** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Pas toe, konstrueer, integreer op 'n wesenlike vlak; met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n wesenlike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Integreer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n wesenlike reeks gekose inhoud |
| **Voldoende**<br>**Konseptueel**<br>**Begrip** | **15–17**<br>**50–59%**<br>**D** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Interpreteer, illustreer, klassifiseer op 'n voldoende vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat begrip en konseptualisering van kennis op 'n voldoende vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Verskaf voldoende voorbeelde uit die toneelteks binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud |
| **Gemiddeld**<br>**Konseptueel**<br>**Begrip** | **12–14**<br>**40–49%**<br>**E** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Verduidelik op 'n gemiddelde vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Stel 'n argument wat 'n verduideliking en denke op 'n gemiddelde vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Gebruik 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte en gemiddelde reeks inhoud |
| **Elementêr**<br>**Feitlik**<br>**Onthou** | **10–11**<br>**30–39**<br>**F** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Identifiseer, noem, definieer op 'n elementêre vlak; met feitelike denke oor die inhoud<br>• **Argument:**<br>Skryf 'n opstel wat denke op 'n elementêre vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Kies slegs 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne |
| **Nie Behaal Nie**<br>**Feitlik**<br>**Onthou** | **1–9**<br>**20–29%**<br>**G** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Op 'n beperkte vlak identifiseer, noem; met beperkte feitelike denke oor inhoud<br>• **Argument:**<br>Skryf feite neer op 'n voorspelbare beperkte vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Verskaf idees of inligting, maar op 'n beperkte vlak |
| **Nie Behaal Nie** | **0**<br>**0–19%**<br>**H** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:**<br>Geen inligting nie. Kan nie gedagtes in woorde uitdruk nie.<br>• **Argument:**<br>Onvermoë om 'n opstel saam te stel; te identifiseer, noem, in verband te bring en om genoeg feite te verskaf<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:**<br>Geen bewyse van enige feitelike kennis nie |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat 'n begrip van die doelstellings van Arm/Gestroopte Teater toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed geïdentifiseerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die doelstellings van Arm/Gestroopte Teater is om:**
- Beswaar te maak teen die samelewing se probleme soos, rassisme, diskriminasie, geweld, armoede, ens.
- Bewustheid te skep van die sosiopolitieke kwessies waarvoor mense te staan kom
- Mense op te voed/te leer oor ernstige kwessies in die samelewing, onderwys, gesondheid ens.
- 'n Beroep op mense te doen om op te tree en die sosiopolitieke kwessies waarteen hulle te staan kom, te verander
- Mense te mobiliseer (aan te moedig) om te protesteer teen die samelewing se probleme en om op te tree
- Mense te herinner aan hulle vryheidstrydhelde om hulle te inspireer en te motiveer om op te tree (protesaksie/opstaan/weerstaan) (4)

2.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip van relevante onderwerpmateriaal van kontemporêre Arm/Gestroopte Teater toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed beskrywende stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Kontemporêre sosiopolitieke kwessies kan insluit:**
- Geslagsgebaseerde geweld
- Mensehandel
- Haweloosheid
- Misbruik (sielkundige, emosionele, finansiële, seksuele, ens.)
- Gedwonge geografiese verskuiwings
- Rassisme
- Xenofobie (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat goed beskryf is, wat 'n begrip, kennis, toepassing en analise van die waarde van improvisasie in die skepping van nuwe tonele toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed beskryf OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die waarde van improvisasie is dat:**
- Die hele geselskap by die skeppingsproses betrokke kan wees
- Dit die akteur toelaat om verbeeldingryk en skeppend te wees
- Dit 'n groep akteurs integreer wat saam met mekaar werk
- Standpunte en opinies van 'n groep mense, eerder as een individu, kan ingesluit word
- 'n Verskeidenheid idees kan gegenereer word
- Dit karakterisering, luistervaardighede en kreatiwiteit ontwikkel
- Die struktuur van die toneelstuk so gevarieerd kan wees soos die talente van die groep as gevolg van die gesamentlike insette van die groep
- 'n Teks geskep kan word soos en terwyl die akteurs tonele improviseer
- Veranderinge onmiddellik geïmplementeer kan word (4)

2.4 Nasieners aanvaar relevante en goed geskryfde antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing van 'n **nuwe toneel** toon wat geskep en deur die kandidaat gekies is.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Voorbeeld van 'n nuwe toneel kan wees:**
- 'n Nigeriese haarkapper word gewelddadig deur 'n plaaslike bendelid uit haar besigheid verwyder. Hy dreig haar en spot met die vermoë van die polisie om enigiets daaraan te doen
- Vigilantes, bendelede en boewe maak amok in sommige gebiede en skep vrees en intimidasie
- Liedjies kan gesing word as krete uit die hart van en vir slagoffers van xenofobie, misbruik, gedwonge geografiese verskuiwings en geslaggebaseerde geweld. Die liedjies kan 'n beroep doen op ander mense om die situasie, die gemeenskap, die land en die wêreld te verbeter (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat goed oordink is, wat kennis, analise en evaluering toon van of Arm/Gestroopte Teater steeds die geskikste styl van opvoering van die nuwe produksie is, of nie.
Aanvaar of positiewe, negatiewe of beide reaksies op die stelling.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Arm/Gestroopte Teater is moontlik geskik omdat dit:**
- Nie 'n ingewikkelde stel, kostuums, beligting en rekwisiete nodig het nie. Koste word tot 'n minimum beperk
- Maklik is om enige plek op te voer want daar is min of geen dekorstelbenodigdhede om ten duurste te vervoer nie
- In enige leë/oop ruimte opgevoer kan word wat dit veelsydig en aanpasbaar maak waar dit ook al opgevoer word
- Net 'n paar akteurs nodig het om 'n verskeidenheid of baie karakters te vertolk

**Arm/Gestroopte Teater is moontlik nie geskik wanneer 'n regisseur die volgende wil gebruik nie:**
- 'n Groot venue soos 'n stadion. Dit kan nie vir Arm/Gestroopte Teater nuttig wees nie, want die opvoering kan in 'n groot ruimte 'verlore' raak
- Opgeneemde klanke/lewendige musiek. Dit is nie praktyk in Arm/Gestroopte Teater nie omdat dit as 'n styl die fisiese en vokale vaardighede van die akteur self gebruik
- Opgesmukte kostuums, beligting en rekwisiete saam met gemengde media. Arm/Gestroopte Teater in kontras fokus op die instrument van die akteur: stem, liggaam en emosies (6)

2.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat identifiseer, analiseer en evalueer hoe die prent in Bron B 'n geskikte plakkaat kan wees om die nuwe produksie te adverteer.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die prent in Bron B is moontlik 'n geskikte plakkaat om die nuwe produksie te adverteer want:**
- Die prent bevat 'n plakkaat wat die inhoud van die toneelstuk voorstel
- Die woorde op die plakkaat gee gehore inligting oor beide die verlede (voor 1994) en die hede
- Die plakkaat dui aan dat die teikengehoor beide oud en jonk is. Die plakkaat gee inligting waarmee die ouer geslag kan identifiseer. Dit vind ook aanslag by jongmense. Dit kan met die jongmans op die plakkaat te doen hê

**Die prent in Bron B is moontlik nie 'n geskikte plakkaat om die nuwe produksie te adverteer nie want:**
- Dit bevat nie al die relevante inligting wat nodig is nie
- Die venue waar die toneelstuk opgevoer sal word, word nie genoem nie
- Hoe lank die toneelstuk opgevoer gaan word, spesifieke datums en tye word nie verskaf nie

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Kontakbesonderhede vir verdere navrae word nie verskaf nie, bv. groepsbesprekings, kaartjiepryse, foonnommers, webtuiste vir besprekings, ens.
- Die plakkaat is nie visueel aanloklik vir die huidige generasie gehoor nie want dit gee nie genoeg inligting nie en die ontwerp is nie gedetailleerd nie
- Ander inligting oor die produksie, onder andere die name van die rolverdeling en regisseur is nie op die plakkaat ingesluit nie (4)

2.7 Nasieners aanvaar relevante en goed bespreekte antwoorde wat kennis, begrip, analise en evaluering toon van hoe *Woza Albert!* gebruik word as 'n 'doeltreffende geweldlose wapen vir verandering in ons samelewing'.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed bespreekte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die oorspronklike toneelstuk kan steeds as 'n doeltreffende geweldlose wapen vir verandering gebruik word want dit:**
- Gebruik lewendige teateropvoering wat geweldloos is
- Gebruik vermaak, satire, humor, sang en dans om die probleme in die samelewing te onthul
- Gebruik karakters wat in die werklike lewe herken word om probleme in die samelewing oor te dra
- Skep bewustheid van wat in die samelewing gebeur deur die gebruik van opvoeding/leer. Dit onthul aan gehore die moeilike en traumatiese situasies en kwessies waarteen mense gedurende apartheid te staan gekom het
- Skep 'n begrip van nuwe onthullings oor huidige sosiopolitieke situasies waarteen beswaar gemaak kan word
- Moedig landgenote aan om op te staan en te veg teen ongeregtighede soos rassisme, die newe-effekte van apartheid en ander kontemporêre sosiopolitieke kwessies
- Spreek uit oor maatskaplike kwessies en identifiseer en kommunikeer wat in die samelewing moet verander
- Ondersoek temas wat vandag nog relevant is, bv. armoede, werkloosheid, diskriminasie, ens.
- Gee redes waarom mense teen probleme in die samelewing moet opstaan

**Die toneelstuk kan nie steeds as 'n doeltreffende geweldlose wapen vir verandering gebruik word nie want dit:**
- Is nie meer relevant nie omdat apartheid afgebreek is en daar nou aan die sosiopolitieke kwessies aandag gegee word
- Kan geweld stook by gehore omdat dit uittartende en emotiewe taal en handelinge gebruik, soos toyi-toyi
- Kan die sosiopolitieke situasie in die land vererger omdat dit mense aanmoedig om op se staan teen die onregverdighede van rassisme, die newe-effekte van apartheid en ander huidige sosiopolitieke kontemporêre kwessies
- Wakker woede en ontevredenheid in die gehoor aan as gevolg van hulle huidige moeilike sosiopolitieke omstandighede (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat identifiseer, analiseer en evalueer hoe *Woza Albert!* vandag steeds 'n relevante storie is.

Die volgende is 'n riglyn:

**Die historiese en teaterimpak van *Woza Albert!* op gehore kan wees dat:**

- Die toneelstuk kan beskou word as 'n lewende koerant wat ons geskiedenis dokumenteer
- Dit klem lê op belangrike inligting en kwessies oor apartheid, soos rasse-ongelykheid, werkloosheid, armoede en haweloosheid, ens
- Dit leer ons belangrike lesse oor ons land se onlangse geskiedenis, soos apartheid, sodat ons nie weer dieselfde foute maak nie
- Fasette van die samelewing se probleme gedurende apartheid word in die toneelstuk onthul, bv. viktimisering gebaseer op rassisme, sosiopolitieke ongelykheid en verdelings
- Dit bevat universele karakters, temas, situasies en boodskappe wat tot alle mense spreek, bv. die behoefte aan menslike waardigheid en gelykheid
- Dit steeds vir gehore relevant is m.b.t. inhoud en onderwerpmateriaal, bv. diskriminasie, onregverdige arbeidspraktyke, armoede
- Gehore maklik kan identifiseer met die stereotipiese karakters deur die akteurs se teaterinterpretasies op die verhoog
- Die gebruik van karakterisering, musiek, dans en drama vind nog steeds byklank by mense van alle generasies
- Komedie is 'n universeel toeganklike opvoeringstyl (fisies en verbaal)
- Dit vermaaklik is want die kreatiwiteit van die genre, bevat sang, dans, musiek, ens.
- Dit opwindend is want die visuele en hoorbeeldwerk soos die hansworsneuse en ideofone is onvoorspelbaar. Elke opvoering is uniek. (10)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis toon van hoe Sophiatown, die plek, sy naam gekry het.

Ken volpunte toe vir:

- Een stelling wat goed verduidelik is OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Sophiatown, die plek, het sy naam gekry by:**

- 'n Belegger, Herman Tobiansky, wat die grond gekoop het en na sy vrou vernoem het. (2)

3.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip van Sophiatown, die plek, bevat soos dit in die 1950's was.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings wat goed beskryf is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Sophiatown was:**

- 'n Lewendige plek waar mense van alle lewensterreine (verskeie rasse en kulturele agtergronde) in harmonie saamgewoon het. Die eenheid het die voormalige apartheid-regering uitgedaag wat geglo het mense moet volgens hulle kulturele agtergronde gekategoriseer word en dat mense van gemengde rasse nie saam kan woon nie
- Vol misdaad. Dit was die tuiste van bendelede (bv. die Berliners, Americans ens.) wat hulle gebiede aggressief afgebaken het en sommige het die gemeenskap geterroriseer
- Oorvol, bv. Mamariti se huis. Huiseienaars het hulle eiendomme uitverhuur aan soveel huurders as moontlik om geld te verdien
- Bekend as die Chicago van Suid-Afrika. Baie mense, veral bendelede het die Amerikaanse lewenswyse, wat hulle in films gesien het, aangeneem
- 'n Plek waar mense kon saamkom en mekaar se geselskap geniet sonder die vrees dat hulle deur die apartheid-polisiemanne geteister sou word. Joernaliste, musikante, digters, ens. het saamgekom en hulle gemeenskaplike belangstellings gedeel (4)

3.3 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip, evaluering en analise toon van hoe die karakters Mingus en Charlie en hulle optrede as snaaks (humoristies) beskou kan word.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings wat goed verduidelik is OF
- Vier aparte gedagtes/idees
- Kandidate wat korrekte, relevante en goed gemotiveerde antwoorde van ‘n ernstige interpretasie gee

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Die volgende is 'n riglyn:
**Die karakters Mingus en Charlie en hulle optrede kan as snaaks (humoristies) beskou word omdat:**

- Die komediese duo, met sterk verskille tussen die karakters Mingus en Charlie, lok humor uit. Dit is eenders as die meganisme wat in *Laurel en Hardy* gebruik word. Mingus is vleiend, geselserig, gesofistikeerd en lief vir vroue, terwyl Charlie, sy handlanger dikwels fisies en sosiaal lomp, verleë en stil is
- Charlie se fisiese optrede is soms oordrewe, onverwags en lomp, bv. Charlie se aanhoudende skoonmaak van Mingus en ander mense se skoene toon sy obsessie met skoene en is dikwels 'n handeling/gewoonte wat op daardie tydstip onvanpas is
- Charlie se onderdanige houding wat Mingus soos 'n klein babahondjie agtervolg. Dit is strydig aangesien Charlie se fisiese houding en onderdanigheid teenoor Mingus ongevraagd is en 'n onhandige fisiese kontras verskaf wat gehore eienaardig kan vind en laat lag
- Uitbeelding van die bendelede deur Charlie en Mingus wys hulle idee van hoe bendelede en bendeleiers moet lyk en optree
- Die gebruik van stereotipes en karikature van bendelede deur Mingus en Charlie, soos die mannerismes, bewegings, gesigsuitdrukkings en styl, is oordrewe
- Die dominerende en baasspelerige houding van Mingus wat Charlie rondstuur en Charlie se verdraagsame houding om die bevele na behore uit te voer, selfs wanneer dit onredelik is, bv. vind 'n bad in 'n township vir Ruth kan humoristies wees (4)

3.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, evaluering, begrip en analise toon van hoe *Sophiatown* 'n flitsbeeld (prentjie) van die geskiedenis is en met humor, musiek en dans gevul is.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes en idees

Die volgende is 'n riglyn:
***Sophiatown* die toneelstuk is 'n flitsbeeld van die geskiedenis want dit:**

- Onthul hoe die gebied Sophiatown ontstaan het. 'n Ryk belegger het die grond gekoop en aan mense van alle rasse verkoop. Dit het teen die apartheidsregering se wette van grondbesit gegaan. Herman Tobiansky het sy grond verkoop aan wie ook al die geld gehad het om dit te koop
- Gee gedetailleerde inligting van wat gedurende die apartheidsera gebeur het. Sophiatown was 'n toevlug vir gewelddadige bendelede. Dit was ook 'n plek van uiterste armoede, alkoholisme en depressie. Dit het daartoe gelei dat sommige van die briljantste leiers voortydig gesterf het
- Beklemtoon die gedwonge verskuiwings van mense uit hulle huise
- Vier kunstenaars, intellektuele mense, musikante wat daar gewoon het, bv. Hugh Masekela, Miriam Makeba, ens.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

***Sophiatown* die toneelstuk is vol humor want:**
- Mamariti se reaksie op Ruth se onverwagte aankoms is komies. Sy was nie bewus van die advertensie wat Jakes in *Drum magazine* geplaas het nie
- Mamariti stem in dat Ruth kan bly want sy kan huur betaal en alkohol koop, 'n stuitige rede om vir Ruth blyplek te gee
- Lulu en Ruth boots Mingus en Princess na wat van die fliek af kom. Hulle spot met die paartjie

***Sophiatown* die toneelstuk is vol musiek en dans want:**
- Die openingstoneel bevat musiek. Die rolverdeling/akteurs word in die liedjie deur Jakes gelei en sing oor die verskillende name van Sophiatown (Kofifi, ens.)
- Die rolverdeling/akteurs dans ook op die liedjie voordat hulle uitbreek om hulle karakters uit te beeld
- Daar is ander tonele waar die rolverdeling/akteurs sing en dans om verskillende stemmings te skep en om die storie voort te dryf deur kommentaar oor die handelinge, bv. die liedjie oor Meadowlands vertel die gehoor van mense wat as swart geklassifiseer is en gedwing is om na hierdie area van Soweto te verskuif (6)

3.5 Nasieners aanvaar relevante en goed geanaliseerde antwoorde wat begrip en analise toon van hoe *Sophiatown* die kwessie van persoonlike identiteit deur die karakters Ruth en Jakes beklemtoon.

Ken volpunte toe vir:
- Vier goed geanaliseerde stellings OF
- Agt aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Persoonlike identiteit word ondersoek wanneer:**
**Ruth:**
- Haarself as Joods identifiseer
- Die res van die karakters inlig oor die Joodse Paasfees en die betekenis van die wyn as 'n teken van die bloed wat op die deure van alle Joodse mense in Egipte geplaas is sodat hulle huise oorgeslaan ('passed over') sou word en hulle eersgebore seuns van die dood gespaar sou word
- Haar identiteit bevraagteken ten opsigte van haar godsdiens (Joods), ras (wit), nasionaliteit (Suid-Afrikaans), woonplek (Yeoville of Sophiatown). Sy probeer tevergeefs om haarself te klassifiseer want dit is gedurende die tyd wat die regering 'n rasseklassifikasie op alle landgenote afgedwing het

**Jakes:**
- Verduidelik dat hy homself elke keer identifiseer as hy deur die bendelede gekonfronteer word wat hom gewoonlik vra om Shakespeare vir hulle vermaak op te sê aangesien hy as 'n intellektuele persoon en 'n joernalis beskou word
- Beweer dat hy nie meer weet wie hy is nie as gevolg van die verandering van een identiteit na die volgende, afhangend met wie hy praat. Hy voel voldoende as 'n joernalis maar onvoldoende in Ruth se geselskap


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Ruth en Jakes:**
- Verteenwordig miljoene Suid-Afrikaners wat slagoffers van rasseklassifikasie is ingevolge die Ontug-wet en die Wet op Gemengde Huwelike gedurende apartheid. Veelrassige verhoudings is verbied
- Hulle tot mekaar aangetrokke gevoel. Hulle kon nie tot 'n verhouding instem nie
- Ruth is as ‘n Wit persoon geklassifiseer en Jakes as ‘n Swart persoon (8)

3.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise en 'n evaluering toon van die toneelteks wat vir leerders aanbeveel word. Kandidate kan positiewe OF negatiewe antwoorde gee.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
***Sophiatown* kan as 'n toneelteks aanbeveel word want:**
- Dit het humor, sang en dans wat die meeste gehore vermaaklik kan vind
- Die temas is steeds relevant in vandag se samelewing, bv. rassisme, ongelykheid, gedwonge geografiese verskuiwings, misdaad, bendes, hoë werkloosheidkoerse, ouers wat wil hê hulle kinders moet goeie onderrig ontvang
- Dit is 'n verwysing na ons geskiedenis as 'n land en waarsku teen die gevaar dat die geskiedenis herhaal word. Dit word gedoen deur die temas en boodskappe van die toneelstuk asook 'n dinamiese, lewendige opvoering van die lewe in Sophiatown vir gehore om te ervaar

***Sophiatown* kan nie as 'n toneelteks aanbeveel word nie want:**
- Ons is nou 'n demokratiese samelewing en ons Konstitusie stel dat die land behoort aan almal wat daarin woon. Almal kan woon waar hulle wil
- Ons leef nou in 'n nuwe era ná apartheid in 'n demokratiese Suid-Afrika en moet die verlede laat gaan om die wonde van apartheid te genees en nuwe hoop te skep
- Almal het nou, ongeag hulle ras en kulturele agtergrond, vryheid van beweging en assosiasie deur nuwe wette wat apartheid en rassediskriminasie opgehef het en dit met 'n demokratiese Konstitusie vervang het (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat identifiseer, analiseer, evalueer en reflekteer hoe en waarom die temas van *Sophiatown*, die toneelstuk, steeds in vandag se lewe relevant is.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die evaluering van die temas moet 'n bespreking van die volgende insluit:**
**Familie:**
- Mamariti is Mingus en Lulu se moeder (ma) en hierdie hegte gesin woon en werk saam in Mamariti's *Diamond Shebeen*
- Al die inwoners wat in Mamariti se huis woon, word 'familie' bv. Jakes en Ruth
- Familie en saamwees word beklemtoon in die krag van die gemeenskap wat saamstaan, bv. die Americans Gang gelei deur Mingus, want bendes vorm nabye bande eenders as dié van 'n familie, vir sekuriteit, identiteit en samehorigheid

**Bendes:**
- Word uitgebeeld deur die karakter Mingus. Hy is die leier van die Americans en is intimiderend in sy benadering en gedrag teenoor ander mense
- Hy word uitgebeeld as 'n misdadiger wat rof en bedreigend is. Dit kan mense bang maak sodat hulle onderdanig word
- Hy word beskou as die Robin Hood van Sophiatown omdat hy hoofsaaklik in die middestad en die spoorweë steel en daarna sy goedere aan lede van sy gemeenskap verkoop
- Hy is trots op al die littekens wat hy het as gevolg van die baie gevegte met mededingende bendes soos die Berliners
- Hy manipuleer en dwing mense om te doen wat hy wil hê wat mense kan dwing om aan hom onderdanig te wees, bv. wanneer hy onsuksesvol probeer om Ruth te dwing om sy nek te byt terwyl hy met haar dans
- Hy vererg hom wanneer hy nie sy sin kry nie en dit veroorsaak dat hy aggressief teenoor mense optree
- Mingus is eenders as die bendelede van vandag wat gemeenskappe terroriseer en hulle tot stilswye dwing. Hierdie bendelede word 'beskerm' teen die polisie deur die gemeenskappe en die gemeenskappe word sogenaamd 'beskerm' in ruik vir geld
- Rampokkery (Bendegedrag) word ook getoon deur die mededingende bendes wat veg vir beheer van gebiede om geld te maak om te oorleef en om mekaar te beskerm
- Soortgelyke 'turf' wars (gebiedsoorloë) word deesdae in baie townships in Suid-Afrika geveg. Hierdie mededinging lei tot 'drive-by shootings' (skietery terwyl daar verby mense gery word) wat baie onskuldige mense laat sterf

**Gedwonge Geografiese Verskuiwings:**
- Die apartheidregeringswette het voorgeskryf dat sekere woongebiede vernietig moes word
- Hierdie gebiede vir vernietiging het behoort aan Swart mense, Kleurling mense en Indiër mense. Stootskrapers het in Sophiatown ingekom en alle geboue, kerke en huise platgestoot

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Mense is uit hulle huise gedwing en op vragmotors gelaai om in gebiede afgelaai te word wat deur die regering gekies is
- Die meeste van hierdie gebiede het geen infrastruktuur gehad nie, was ver van stede af en het dikwels geen omgewingsrykdom gehad nie
- Die wreedheid van die gedwonge verskuiwings het gebroke huise, onuitspreeklike hartseer, vrees en trauma vir die mense wat in Sophiatown gewoon het, veroorsaak
- Kennisgewings van die gedwonge verskuiwings is deur die regering uitgereik; die polisie het egter drie dae voor die tyd genoem in die kennisgewings, opgedaag. Die mense van Sophiatown was onvoorbereid en sommige was nog besig om 'n protesoptog te beplan om die gedwonge verskuiwings teen te staan, wat nooit plaasgevind het nie
- Mense en hulle besittings is op vragmotors gelaai. Mense het nie tyd gehad om in te pak nie en gevolglik kon hulle nie al hulle besittings saamneem nie. Goed is haastig op die vragmotors gegooi en mense is gedwing om op te klim en hulleself in te druk waar hulle kon plek vind, bv. Mamariti het gekla dat al haar breekware beskadig word
- Mense het nie kans gehad om hulle bure en vriende te groet nie wat hartverskeurend was

**Relevansie vir vandag se lewe:**

- Die apartheidsregering se wette het voorgeskryf dat sekere gebiede vernietig moes word. Die huidige regering het ook 'n beleid dat huise wat onwettig gebou word, vernietig word. Spesiale taakmagte het huise platgestoot
- Mense is tydens apartheid gedwing om in aangewese gebiede met 'n gebrek aan geriewe en behoorlike infrastruktuur te woon. Vandag nog woon mense in plakkerskampe sonder geriewe, behoorlike sanitasie of dienslewering en as gevolg hiervan word hulle gedwing om te skuif na verskillende gebiede waar grond dalk beskikbaar is
- Rassisme, diskriminasie en onregverdigheid is steeds teenwoordig in baie fasette van die lewe vandag, bv. onverdraagsaamheid teenoor mense wat anders is, xenofobie, geslagsgebaseerde geweld, kulturele konflikte, ens. (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip van die geskiktheid van die titel van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die titel van die toneelstuk is geskik want:**
- 'Siener' verwys na Tjokkie wat die gawe het om in die toekoms te kan 'sien' (siener)
- Tjokkie woon in die 'suburbs'
- Die titel gee ons, as ‘n gehoor, 'n vermoë en geleentheid om die lewe in die 'suburbs' te 'sien'
- Die aksie van die toneelstuk vind in die 'suburbs' plaas
- Die aksie in die toneelstuk draai om die ‘siener’ in die ‘suburbs’ (4)

4.2 Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat die doeltreffendheid van die plakkaat toon.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die plakkaat is doeltreffend want dit:**
- Gebruik bekende professionele akteurs om 'n gehoor te lok
- Toon sommige van die karakters wat in die toneelstuk gesien kan word
- Bevat al die nodige inligting wat op 'n plakkaat vereis word, bv. titel, datums, venue
- Word ondersteun deur herkenbare kunstefeesborge, bv. Woordfees

**Die plakkaat is nie doeltreffend nie want:**
- Die toneelstuk handel oor arm Wit mense wat in die 'suburbs' in apartheid-Suid-Afrika leef en die akteurs op die plakkaat verteenwoordig nie daardie demografie nie
- Gehore identifiseer nie noodwendig met die beroemdes op die plakkaat nie of geniet dit dalk nie om na hulle te kyk nie
- Die plakkaat is dig gepak met te veel inligting en kan dalk verwarrend wees vir diegene wat onmiddellike inligting oor die gebeurtenis wil hê (4)

4.3 Nasieners aanvaar relevante en goed bespreekte antwoorde wat kennis, begrip en analise van die verhouding tussen enige twee van die karakters op die plakkaat toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed gekies en bespreek is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Jakes en Tiemie:**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Jakes**
- Jakes is Tiemie se kêrel
- Hy is in 'n verhouding met haar om sy sosiale status te verhoog, want sy streef daarna om soos een van die 'dandies' (spoggerige mense) te wees
- Hy probeer om beheer oor haar te kry deur haar swanger te maak
- Hy misbruik haar verbaal, sielkundig, emosioneel en fisies
- Dit kom voor asof hy haar aan die einde van die toneelstuk vermoor

**Tiemie**
- Tiemie is Jakes se meisie
- Sy hou nie van hom nie
- Sy raak swanger met sy kind
- Sy wil uit die verhouding met hom ontsnap

**Ma en Giel**

**Ma**
- Is in 'n verhouding met Giel
- Is eensaam nadat haar man nie na die oorlog teruggekeer het huis toe nie. Daar word aangeneem hy is dood
- Nooi Giel om in haar huis te kom woon
- Ontvang haar orlede man se pensioengeld en ondersteun Giel met dit.

**Giel**
- Is in 'n verhouding met Ma
- Gebruik haar eensaamheid vir sy eie finansiele gewin en om gratis losies te kry
- Verlaat haar wanneer die perd waarop hy gewed het, wen (4)

4.4 Nasieners aanvaar antwoorde wat begrip, analise en evaluering toon van waarom die toneelstuk, as 'n moderne/kontemporêre produksie, steeds relevant vir gehore is.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed verduidelikte stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Moderne/kontemporêre produksie van *Siener in die Suburbs* is steeds relevant vir gehore want:**
- Dit beklemtoon universele temas wat maklik op kontemporêre gemeenskappe toegepas kan word, bv. armoede
- Dit bevat karakters wat herkenbare, stereotipiese karaktereienskappe vertoon, bv. Jakes word as die boelie beskou want hy beheer Tiemie se bewegings en dwing Tjokkie om te 'sien' ens.
- Die kontemporêre samelewing kan by die karakters en hulle omstandighede aansluiting vind op 'n baie meer betekenisvolle manier as hulle hulleself deur die moderne karakters op die verhoog kan 'sien'
- Dit gebruik taal wat mense kan herken en waarmee kan assosieer, bv. gewone mense praat oor die werklike lewe met mekaar
- Dit fokus op kwessies soos dobbel, alkoholisme. Hierdie kwessies is steeds in kontemporêre samelewing algemeen
- Dit bevat onderwerpmateriaal, temas en verhoudingkwessies, bv. geweld teen vroue en selfdood, waarby gehore steeds hedendaags aanklank vind (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n vermoë toon om die stadiums in die intrige van die toneelstuk, waar die uiteensetting, stygende aksie en klimaks duidelik is, te verstaan, identifiseer en analiseer

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die intrigestruktuur kan die volgende insluit:**
**Uiteensetting:**
- Die gehoor word ingelig oor die gegewe omstandighede van die karakters, die tyd, plek en aksie van die toneelstuk deur die stel, verhoogplasing en dialoog
- Giel se monoloog vorm die kern van die uiteensetting en voorspel die aksie van die toneelstuk wat volg

**Stygende aksie:**
- Tjokkie 'sien' (voorspel die toekoms) en die spanning en tempo van die aksie neem toe
- Twyfel en verwarring word veroorsaak soos die karakters die waarheid van Tjokkie se visie bevraagteken

**Klimaks:**
- Giel wen op die perde en berei voor om Ma en die suburbs te verlaat
- Jakes val Tiemie aan en misbruik haar fisies
- Tjokkie beëindig die swaarkry van die gedwonge sien in die toekoms in en lê onder die kar en laat die domkrag afsak op sy liggaam en hom dooddruk (6)

4.6 Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat kennis en begrip toon van wat dit beteken om 'n antiheld in 'n toneelstuk te wees.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Antihelde is:**
- Gewone mense wat gewone lewens lei maar uitsonderlike persoonlike of sosiale stryde moet stry
- Gebrekkig (onvolmaak). Hulle maak foute en verkeerde (swak keuses)
- Gedoem om swaar te kry as gevolg van hulle swak keuses en foute (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.7 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en 'n analise toon van Jakes se karakter en waarom hy as 'n antiheld beskou kan word.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed bespreek is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Jakes kan as 'n antiheld beskou word want:**
- Hy is 'n gewone werkersklasman wat 'n gewone werk doen terwyl hy na meer streef
- Hy is desperaat om 'n beter lewe te hê en daarom boelie en intimideer hy mense om sy sin te kry, bv. hy boelie Tjokkie om te 'sien'
- Hy is gedrewe om van sy werkersklaslewe te ontsnap en sal nie huiwer om geweld te gebruik om sy sin te kry nie (4)

4.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip, analise en evaluering toon van hoe *Siener in die Suburbs* 'n gedetailleerde insae gee in die werkersklaslewe in die suburbs.

- Sien holisties na. Nasieners aanvaar antwoorde wat kontemporêre samelewing dek

Die volgende is 'n riglyn:
**Werkersklasgemeenskappe in die suburbs:**
- Was gewoonlik arm, bv. daar was 'n hoë werkloosheidskoers
- Het gewoonlik in skakelhuise gewoon; hulle was te arm om groot huise te koop
- Het gewoonlik mense van 'n laer klas uitgebeeld
- Het gewoonlik alkohol misbruik om van hulle probleme te vergeet wat soms gelei het tot verhoudings waarin misbruik plaasvind, bv. Tiemie en Jakes
- Het gewoonlik stereotipe verwagtinge van vrouens ingesluit soos dat hulle tuis moes bly en kinders hê
- Het gewoonlik gedroom van vryheid en om aan hulle lewens van armoede te ontsnap. Al die karakters in die toneelstuk doen dit
- Het gewoonlik huishoudelike geweld ondervind soos wat deur die karakters en hulle handelinge uitgebeeld word
- Het gewoonlik na verslawende gedrag gedraai as gevolg van persoonlike frustrasies en 'n gebrek aan werksgeleenthede (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994-KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip van die titel van die toneelstuk toon en hoe dit geïnterpreteer moet word.

Ken volpunte toe vir:
- Drie aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die titel van die toneelstuk kan geïnterpreteer word as:**
- 'n Onthulling van die waarheid. Dit is die sentrale tema van die toneelstuk, bv. Sipho se bitterheid teenoor Themba as gevolg van die verhouding wat hy met Sindiswa, Sipho se vrou, gehad het
- 'n Stelling in 'n hof (Belowe jy om die waarheid, die volle waarheid, en niks anders as die waarheid te praat nie). Die konnotasies van hierdie hele stelling weerspieël 'n behoefte dat die waarheid onthul moet word, sodat moontlike vergifnis en versoening verkry kan word
- Die Waarheid-en-versoenings-(WVK)proses. Die prosesse daarvan word in die intrige van die toneelstuk weerspieël. Sipho moet die waarheid onthul voordat moontlike vergifnis en versoening kan plaasvind
- Waarheid is 'n katalisator vir versoening en vergifnis in die Makhaya-familie en die groter samelewing (3)

5.2 Nasieners aanvaar relevante en goed beskrywende antwoorde wat kennis, begrip en analise van Realisme in die Teater toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed beskrywende stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die verhoog is opgestel om Realisme in die Teater te skep deur die:**
- Bou van 'n replika van 'n township-huis (3,6 meter breed by 7,2 meter lank)
- Gebruik van werklike alledaagse funksionele meubels en gedetailleerde rekwisiete geskik en geloofwaardig wat die Makhaya-familie besit, bv. 'n sitkamer gevul met meubels, boeke op boekrakke, familiefoto's, rusbank
- Gebruik van beligtingseffekte wat daarop dui dat dit moontlik die binnekant van 'n township-huis is (4)

5.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters in die toneelstuk toon.

Ken 1 punt toe vir elke karakter se naam.
**Die karakters is:**
- Sipho
- Mandisa
- Thando (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.4 Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs Stanislavski se Sisteem/Metode kan gebruik in die voorbereiding van hulle karakters

Ken volpunte toe vir:
- Vier goed geanaliseerde stellings OF
- Agt aparte gedagtes/idees
- Slegs vier punte as die antwoord nie verwys na die karakter nie

**Noem en bespreek VIER tegnieke van Stanislavski se Sisteem/Metode wat akteurs kan toepas om hulle karakters uit te beeld.**
**Die volgende is 'n riglyn:**

**Motivering van elke handeling:**
- Elke handeling moet 'n rede hê, behoefte en begeerte wat bevredig moet word

**Verbeelding:**
- Die akteur gebruik verbeelding om in die wêreld wat op die verhoog geskep is, karakters, dialoog, emosies en verhoudings te glo

**Gegewe omstandighede:**
- Kennis van die toneelstuk, intrige, verhoogomgewing, omgewing (geografie/plek), sosiopolitieke konteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelwitte

**Fisiese telling van handelinge:**
- Aksies en reaksies tussen karakters lig mekaar in en is op die werklike lewe gebaseer, bv. emosies, denke, bewegings, woorde, besluite
- Die toepaslike seleksie, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukkings, gebare en beweging) in die skep van die toneelstuk se lewe op die verhoog

**Maatslagwerk ('Beat work'):**
- Verskuiwings in denke, gevoelens, behoeftes, begeertes, aksies, tonele, verskynings en afgaan moet effektief en realisties weerspieël word
- Veranderinge in eenhede en doelstellings moet in die karakter se fisiese en vokale uitdrukking weerspieël word

**Vokale uitdrukking:**
- Dialoog, gesprekke, woorde en taalgebruik is gebaseer op die werklike lewe om die illusie van 'n werklike gesprek te skep
- Toonhoogte, tempo, spoed, volume ens. is verstaanbaar en skep betekenis van die emosies en gevoelens

**Magiese asof ('Magic if'):**
- Die gebruik van verbeelding en visualisering om handelinge, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter outentiek (werklik) te maak
- 'Toneelspel is glo'
- Die 'wat as'-vraag moet beantwoord word

**Sirkels van aandag:**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk wees (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelwitte, ens.) en nie op die gehoor nie

**Emosionele geheue:**
- Die akteur kan persoonlike ervarings gebruik om die emosionele werklikheid van die karakters, gebeurtenisse, insidente, gesprekke, ens. te ontgin.
- Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet deur die akteur gebruik word (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, verduideliking en 'n beskrywing van die finale oomblikke van die intrige toon.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Teen die einde van die toneelstuk:**

- Is die waarheid van Themba se verhouding met Sipho se vrou Sindiswa onthul
- Besef Thando dat sy Themba se dogter kan wees
- Het Thando uiteindelik haar onafhanklikheid gevind en besluit om saam met Mandisa Johannesburg toe te gaan
- Het Mandisa uiteindelik die waarheid uitgevind dat haar vader 'n vroueliefhebber was en ook dat hy 'n verhouding met Sindiswa gehad het
- Het Sipho vir Themba vir sy verraad en gedrag vergewe
- Is Sipho nou vry om sy droom te volg om 'n African Public Library in New Brighton oop te maak en daar is hoop vir die toekoms
- Het die waarheid, vergifnis en versoening uiteindelik al die karakters vrygemaak (4)

5.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die toneelstuk en kreatiwiteit, verbeelding en voorstelle maak oor wat met die karakters kon gebeur het indien die toneelstuk ná die oorspronklike einde sou voortgegaan het.
(Nasieners ken punte toe vir kreatiwiteit en 'n begrip van Realisme in die Teater.)

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Indien die toneelstuk ná die oorspronklike einde sou voortgegaan het, sou die karakters:**

- Voortgegaan het om normale lewens te lei gebaseer op die duidelike oorsaak-tot-uitwerking-beginsels van Realisme in die Teater, bv. die karakters kon vir 'n maaltyd by 'n restaurant gegaan het om fees te vier waar hulle Sindiswa kon raakgeloop het
- Hulle met Sindiswa kon gedeel het wat rondom Themba se dood gebeur het: Sipho se skok dat sy broer Themba veras is en sy as in 'n houer was, die aankoms van Mandisa
- Thando met haar moeder – Sindiswa – versoen het
- Sipho en Sindiswa kon herenig het met dieper begrip en waardering vir mekaar na jare se skeiding en bitterheid. Daar kon hoop vir beide van hulle wees vir 'n toekoms saam
- Thando moontlik haar trouplanne met Mpho haar moeder kon deel
- Mandisa aangedring het om die hoofstrooimeisie te wees
- Die familie kon versoen en herstel het deur waarheid en vergifnis (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.7 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip en analisering van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in terme van die toneelstuk en Suid-Afrika demonstreer.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die belangrikheid van die Waarheids-en-Versoeningskommissie vir die toneelstuk en Suid-Afrika:**
- Die WVK is saamgestel as 'n platform vir Suid-Afrikaners om die waarheid te vertel oor die gruweldade wat teen hulle gepleeg is en vir die oortreders om vergifnis te vra, vir beide partye om versoening, genesing en vergifnis te kry
- Daar word geglo dat deur die waarheid te onthul van die gruweldade wat tydens apartheid gepleeg is, beide die oortreders en slagoffers genesing of bevryding kan ontvang
- Die intrige van *Nothing but the Truth* weerspieël die WVK-proses. Soos met die WVK gaan die toneelstuk deur 'n geleidelike ontbloting van die waarheid in die Makhaya-familie
- Die Makhaya-familie is in staat om versoening in hulle omstandighede te vind, asook bevryding deur Sipho se onthulling van die waarheid oor die verlede (4)

5.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip, analise, evaluering en 'n bespreking toon van hoe *Nothing but the Truth* ons kan help om menslike gedrag te verstaan en ons oor ons eie lewens in Suid-Afrika te leer.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die temas van waarheid, versoening, familie en vergifnis kan ons help om menslike gedrag te verstaan**

**Waarheid en Versoening:**
- Die tydraamwerk waarin die toneelstuk afspeel, sluit die WVK-verhore in. Dit het universele belangrikheid ten opsigte van die onthulling van die waarheid en om versoening te kry. Mense wil die waarheid hoor om hulleself vry te laat
- Ons behoefte aan liefde, 'n beter lewe, waarheid, hernude en herstelde verhoudings is die kern van menslike gedrag en versoening

**Familie:**
- Die meeste families het geheime wat hulle vir mekaar wegsteek. Dit is menslike gedrag, bv. Sipho steek die moontlikheid dat Thando in werklikheid Themba se dogter kan wees, weg
- Mandisa (beteken toevoegsel) sluit aan by die familie in Port Elizabeth. Sy, soos mense maar doen, tree op volgens die kultuur waarin sy grootgemaak is


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die familie van Makhaya beteken 'van die huis' en dit beklemtoon die tema van familie want hierdie toneelstuk is 'n huishoudelike drama. Die konsep van om 'n huis te hê, is een wat ons almal ken en waarby ons kan aansluiting vind

**Vergifnis:**
- Sipho ervaar bitterheid teenoor sy broer en gewese vrou. Dit is in die mens se aard om so te voel as daar verraad in 'n verhouding was. Hy leer dat deur die waarheid hy sy bitterheid kan laat gaan en dit sal verander in vergifnis vir Themba en Sindiswa
- Deur vergifnis word Sipho genees van die onregverdigheid wat hy in die verlede ervaar het. Hy kan aanbeweeg met sy lewe. Dit is tipies van menslike sielkunde

**Dit leer ons oor ons eie lewens in Suid-Afrika vandag:**
- Ons kan selfs vandag aanklank vind by die familie en hulle stryd, want die familiekwessies is herkenbaar en universeel. Ons leer dat om die waarheid te onthul wat weggesteek word, konflik kan oplos en negatiewe emosies tussen die lede kan oorkom
- Sipho wil dat ons die waarheid hoor want ons voel aan dat hy iets wegsteek. Die gehoor is nuuskierig oor sy geheim. Ons leer dat woede, bitterheid en vyandigheid jou ongelukkig kan maak en keer dat jou lewe vorentoe beweeg
- Ons wil vir Sipho persoonlik en professioneel 'n beter lewe hê omdat hy so baie tydens apartheid gely het. Baie Suid-Afrikaners wat vandag leef, het apartheid ervaar en kan steeds aansluiting vind by die pyn en lyding van hierdie wrede regime. Dit leer ons die belangrikheid daarvan om die pyn te erken om daarvan verlos te word
- Ons het empatie met Thando wat onafhanklik wil wees. Sy wil Johannesburg (en moontlik Londen) toe gaan. Ons het almal al moontlik 'n vorm van meningsverskil met outoriteit ervaar
- Mededinging tussen broers en susters is steeds 'n familiedinamiek in baie families en dit word in die verhouding tussen die twee broers, Sipho en Themba, gesien. Sipho voel dat Themba altyd die gunsteling was. Ons leer dat ouers versigtig moet wees oor hoe hulle hulle kinders hanteer. Hulle moet elke kind dieselfde behandel en ewe lief hê
- Die stryd en oplossings van die karakters se ervarings in die toneelstuk leer ons hoe om pyn, onregverdigheid, verraad, geheime en leuens te hanteer. (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

6.1 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van hoe die titel of die toneelstuk *Groundswell* geïnterpreteer kan word.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die titel van die toneelstuk kan geïnterpreteer word as:**
- 'n Groot/Diep/Sterk deining (uitswel) of swaar rol van onderwater-seestrome, die gevolg van 'n veraf storm of groot seismiese versteuring volgens die *Oxford Dictionary*
- Die see as die natuurlike omgewing van die toneelstuk; 'n kusdorpie waar die see die atmosfeer en aktiwiteite van die mense strek beïnvloed
- Die baie stemmings van die see en die spesifieke titel is deur die dramaturg gekies omdat dit by die stemming van die toneelstuk pas: die veranderlike oppervlak van water dui op die invloed van iets onsigbaar en ontstellend wat momentum verkry en op pad is om te gebeur
- 'n Emosionele metafoor wat op onopgeloste kwessies kan sinspeel, die kwessies van identiteit en die skuldgevoel wat die omgaan van die karakters versteur en 'n groot gebeurtenis voorspel. Hierdie emosies is onuitgespreek, en is onderstrominge in ons verhoudings met mekaar wat opswel soos die gronddeining onder die see. (4)

6.2 Nasieners aanvaar die volgende antwoord:
- Garnet Lodge (1)

6.3 Nasieners aanvaar relevante en goed beskrywende antwoorde wat kennis, begrip en analise van Realisme in die Teater toon.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die verhoog word opgestel om Realisme in die Teater te skep deur:**
- Die gebou wat 'n presiese replika is van 'n tipiese gastehuis aan die Weskus van Suid-Afrika
- Die opstel van moontlike dowwe beligtingseffekte wat die atmosfeer van die binnekant van die gastehuis weerspieël, die mis en newels om die stemming van die toneelstuk weer te gee, waar duidelike sig ietwat verlore raak in die onheilspellende atmosfeer van die onbekende.
- Die gebruik van alledaagse funksionele meubels en rekwisiete wat 'n besem, tafel en stoele, 'n koffietafel, sylamp, emmer en mop, skoonmaakmiddels, ens. insluit (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.4 6.4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters toon.
Ken EEN punt vir die korrekte antwoord toe.

- Johan (1)

6.4.2 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters toon.
Ken EEN punt vir die korrekte antwoord toe.

- Thami (1)

6.4.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters toon.
Ken EEN punt vir die korrekte antwoord toe.

- Smith (1)

6.5 Nasieners aanvaar relevante en goed beskryfde antwoorde wat begrip, analise en evaluering toon van die situasie waarin die karakters hulleself bevind.

Ken volpunte toe vir:

- Twee stellings wat goed beskryf is OF
- Vier aparte gedagtes/idees
- Slegs drie punte as die antwoord nie verwys na die karakter nie

Die volgende is 'n riglyn:
**Die situasie waarin die karakters hulleself bevind, is soos volg:**
**Johan:**

- Moet uit die verlede ontsnap omdat hy 'n man doodgeskiet het
- Is finansieel desperaat en probeer om geld te maak deur vir diamante te duik

**Thami:**

- Is desperaat om vir sy gesin in die Oos-Kaap te sorg
- Is angstig want hy wil onwettige diamanttransaksies maak

**Smith:**

- Is alleen
- Sy vrou is dood en sy dogter het haar eie lewe
- Het desperaat 'n nuwe doel in sy lewe nodig
- Word deur Johan met 'n mes gedreig (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.6 Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs Stanislavski se Sisteem/Metode in die voorbereiding van hulle karakters kan gebruik vir 'n vaardige en sensitiewe opvoering.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed geanaliseerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

**Noem en bespreek DRIE tegnieke van Stanislavski se Sisteem/Metode wat akteurs kan toepas om hulle karakters uit te beeld.**
**Die volgende is 'n riglyn:**

**Motivering van elke handeling:**
- Elke handeling het 'n rede, 'n behoefte en drang wat bevredig moet word

**Verbeelding:**
- Die akteur gebruik verbeelding om te glo in die wêreld wat op die verhoog geskep is: karakters, dialoog, emosies en verhoudings

**Gegewe omstandighede:**
- Kennis van die toneelstuk, intrige, verhoogstel, omgewing (geografie/plek) en sosiopolitieke konteks
- Kennis van hulle karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelstellings

**Fisiese telling van handelinge:**
- Aksies en reaksies tussen karakters en inligting oor mekaar is op die werklike lewe gebaseer, bv. emosies, gedagtes, bewegings, woorde, besluite
- Die geskikte keuse, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukkings, gebare en bewegings) in die skep van die toneelstuklewe op die verhoog

**Maatwerk:**
- Verskuiwings (veranderings) in denke, gevoelens, behoeftes, handelinge, tonele, verskynings en afgaan moet effektief en realisties weerspieël word
- Verskuiwings (veranderinge) in eenhede en doelstellings moet in die fisiese en vokale uitdrukking van die karakter weerspieël word

**Vokale uitdrukking:**
- Dialoog, gesprekke, woorde en taalgebruik is op die werklike lewe gebaseer om die illusie van bv. 'n werklike gesprek te weerspieël
- Stemtoon, tempo, pas, volume, ens. word verstaan en skep betekenis van die gedagtes en gevoelens

**Magiese as/of ('magic if'):**
- Die gebruik van verbeelding en visualisering om die handelinge, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter geloofwaardig en outentiek (werklik) te maak
- 'Toneelspel is glo'
- Die 'wat as'-vraag moet beantwoord word

**Aandagsirkels:**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelstellings, ens.) wees en nie op die gehoor nie

**Emosionele geheue:**
- Om uit persoonlike ervarings te put om die emosionele werklikheid van karakters, gebeurtenisse, insidente, gesprekke, ens. uit te beeld
- Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet gebruik word (6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.7 Nasieners ken punte toe vir relevante antwoorde wat kennis, begrip kreatiwiteit en verbeelding toon en voorstelle gee oor wat met die karakters kon gebeur het indien die toneelstuk ná die oorspronklike einde sou voortgegaan het. (Nasieners ken punte toe vir kreatiwiteit en begrip van Realisme in die Teater).

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**As die toneelstuk na die oorspronklike einde sou voortgegaan het, kon die karakters:**

- Voortgegaan het met normale lewens gebaseer op duidelike oorsaak-tot-uitwerkingbeginsels van Realisme in die Teater, bv. Smith sterf aan 'n hartaanval op die golfbaan
- Johan gaan see toe
- Thami gaan huis toe om in die Oos-Kaap te sterf. Garnet Lodge verval
- Johan en Thami ontvang die nuus dat hulle die erfgename van Smith se testament is en met die geld koop hulle saam Garnet Lodge wat nou Diamond Lodge genoem word (4)

6.8 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat begrip, analise en evaluering van die simboliek van diamante in die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Diamante is belangrik in die toneelstuk want:**

- Dit verteenwoordig rykdom en status
- Die soeke na diamante gaan oor die hoop om 'n fortuin te maak
- In die toneelstuk is dit hierdie hoop wat Johan en Thami in staat stel om 'n visie van die toekoms te bou wat beter as die verlede en die huidige is
- Om diamante te vind, sal beide Johan en Thami in staat stel om gelukkige en voorspoedige lewens te lei of so glo hulle
- Diamante word onder groot druk geskep en dit kan die lewens simboliseer wat deur Johan en Thami in 'n veranderende Suid-Afrika geleef word (4)

6.9 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip, analise, evaluering en bespreking toon van hoe *Groundswell* ons kan help om menslike gedrag te verstaan en om ons te leer oor ons eie lewens hier in Suid-Afrika.

- Sien holisties na

Die volgende temas kan ons help om menslike gedrag te verstaan:
'n Onopgeloste verlede:

- Agter die oppervlakkige interaksies van die karakters is daar gevoelens, vooroordele en ervarings van die storms van die verlede wat hulle nie toelaat om ooreen te kom nie of dat dit maak dat hulle nie met mekaar gemaklik is nie. Dit is 'n universele sielkundige realiteit.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Alhoewel die politiek en regering van die land al vir dertig jaar verander het, kan ons sien dat wanneer sekere sensitiewe kwessies soos ras, politiek, armoede vs. rykdom, ens. opgehaal word, ou verdelings ontstellend naby aan die oppervlak is. Dit is deel van die menslike toestand om soms aan die verlede vas te klou
- Die land het verander wat ons vrylike interaksie toelaat, maar het hierdie mans genoeg verander om in staat te wees om vrylik van hierdie vryheid gebruik te maak. Die antwoord in die toneelstuk is dat hulle dit slegs oppervlakkig kan doen
  Die menslike toestand maak soms slegs oppervlakkige veranderinge wat ons steeds aan die verlede vasbind

**Samehorigheid en Identiteit:**
- Hierdie drie mans se lewens is tot 'n groot mate tydens die apartheidsera gevorm en gedefinieer. Ons kon ook beïnvloed en gevorm wees deur hierdie tydperk in ons land en hoe ons grootgemaak is. Ons moet na mekaar uitreik en samehorigheid en identiteit aanbied. Dit is fundamentele behoeftes van die menslike toestand
- Daar is niks fisies of ekstern in die omgewing wat in die pad staan van hande vat ten opsigte van die diamantmynprojek nie. Daar is ook geen fisiese rede waarom Johan en Thami nie kan beplan om bure te wees nie. Dit is die menslike toestand om soms suspisieus van ander mense te wees. Die struikelblokke is intern en ons kan moontlik hierdie kwessie in ons eie persoonlike lewens herken.
- Elke mens probeer om in die nuwe Suid-Afrika uit te vind wie hulle is, hoe hulle inpas. Terselfdertyd bly elke mens verbind tot 'n siening van hom-/haarself wat die verlede weerspieël en die vermoë om aan te pas verhinder. Ons eie sin vir identiteit kan aan die verlede verbind wees. As deel van Suid-Afrika ná apartheid is ons menslike toestand om soms met die vind van 'n nuwe identiteit te sukkel.

**Skuld, beskuldiging en vrymaking:**
- Die vraag van skuld word deeglik in hierdie toneelstuk op verskeie vlakke aangepak. Johan beskuldig Mr Smith dat hy deur apartheid bevoordeel is, dat hy deur Johan se polisiëring van die townships gebaat het. Hy beskuldig hom dat hy sy skuld in hierdie verband ontken en homself daardeur die geleentheid tot vrymaking ontken. Dit is deel van die menslike toestand om jouself die vryheid en vrymaking te ontken as jy voel dat jy iemand te na gekom het
- So doeltreffend word hierdie beskuldigings in die aksie van die toneelstuk ingeweef dat dit aan die begin voorkom asof dit slegs manipulasies is wat gemik is daarop om Mr. Smith te kry om sy geld te deel. Dit is slegs later in die toneelstuk, wanneer ons Johan se eie skuldlas ontdek dat ons agterkom hoe ernstig dit is. Die toneelstuk gee ons die geleentheid, as deel van die menslike toestand, om ernstig na onsself in dieselfde lig te kyk


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Dit leer ons oor ons lewens in Suid-Afrika**
**'n Onopgeloste verlede**

- Die land het sedert apartheid verander. Ons kan vrylik met mekaar omgaan, maar maak ons van hierdie vryheid gebruik? Ons leer dat ons ook vryheid van die verlede moet kies.
- Suid-Afrika is 'n land vol geleenthede en ons moet hierdie geleenthede gebruik en die beste lewens leef wat ons ook al kan

**Samehorigheid en identiteit**

- Al drie karakters soek samehorigheid en identiteit. Hulle moet leer om van die verlede af aan te beweeg, mekaar as menslike wesens te sien en eerlik by mekaar aansluiting vind. Ons lewens in Suid-Afrika moet gemik wees daarop om mense byeen te bring en om samehorigheid en identiteit aan elke Suid-Afrikaanse landgenote te bied.

**Skuld, beskuldiging en vrymaking**

- Beide Smith en Johan is in die verlede vasgevang
- Die lesse van ons lewens is om die skuld te laat gaan wat kom uit gedrag/optrede van die verlede
- Ons moenie mekaar beskuldig nie, maar eerder aan mekaar en onsself, begrip toon, vergewe en vrymaak om 'n nuwe Suid-Afrika te skep met hoop vir elke landgenoot (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

7.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, analise en verduideliking toon van hoe die titel van die toneelstuk *Missing* geïnterpreteer kan word.

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Die titel van die toneelstuk *Mis/Missing* kan geïnterpreteer word as:**
**Kunsmis/Bemesting:**
- Meisie en Miem maak 'n lewe uit die verkoop van mis aan die boere
- Die mis kan ook vrugbaarheid impliseer
- Miem, byvoorbeeld, beweer dat aangesien dit vroeë lente is, alle mense hulle grond wil bemes.

**Mis/Newels:**
- Is iets wat voorkom dat jy duidelik sien. Dit is simbolies van Miem en Gertie se onvermoë om die werklikheid van die gevare wat rondom hulle kan bestaan, raak te sien
- Hulle lewe in hulle eie klein wêreldjie waarin alles vir hulle 'n bedreiging is, en as daar iets is wat hulle nie verstaan nie, (soos die verdwyning van die meisies), interpreteer hulle dit vinnig op hulle eie wyse bv. deur vrees en bygelowigheid
- Hulle is sielkundig, persoonlik, sosiaal en emosioneel blind vir alles, die feite/werklikhede oor wat besig is om te gebeur ingesluit, net soos iemand wat na iets deur die mis staar. Hulle lewe in newels/mis wat duidelike sig verberg

**Misverstand:**
- 'Jy het dit mis' ('You are mistaken'). Beide Miem en Gertie het dit mis wanneer hulle dink dat die ander meisies vermoor is
- Hulle het dit ook mis wanneer hulle dink dat om die deure en vensters te sluit, hulle die 'boosheid' kan uitdryf wat hulle so bang maak
- Hulle het dit mis wanneer hulle dink Konstabel gaan hulle werklik beskerm. Dit gaan oor 'n 'misverstand' oor sake/kwessies

**Ontlasting/Mis:**
- Die ontlasting in die emmer wat mors wanneer Gabriel dit met 'n tou laat sak vir Meisie om dit leeg te maak, besmet die kombuis
- Gabriel kruip weg en leef op die solder wat besmetting veroorsaak. Dit is simbolies van hoe sy wegkruip in die solder hulle hele wêreldbestaan besmet

**Heilige Nagmaal ('Roomse Mis'):**
- Die betekenis van Meisie se aannemingsrok kom na vore
- Ná haar aanneming aanvaar die kerk haar as 'n volwassene

**Verdwyning:**
- Iemand raak vermis is die betekenis van 'Mis' in die Engelse vertaling. Elke jaar verdwyn 'n meisie die aand van die 31ste Augustus, en word nooit weer gesien nie

**Afwesigheid:**
- Die afwesigheid van die waarheid. Die waarheid word in hulle lewens vermis, bv. die waarheid oor die ware identiteit van Konstabel (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

7.2 Nasieners aanvaar relevante en goed beskryfde antwoorde wat kennis, begrip en analise van Magiese Realisme in die teater toon

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Magiese Realisme in die teater word geskep deur:**
- Simbole: die sirkus word uitgebeeld as 'n magiese/bonatuurlike plek waar vreemde karakters vir die gehoor optree
- Die plek (geografies): die sirkus wat in die dorp is, bring verwagtinge daarmee saam dat daar toordery in die dorp plaasvind
- Beligting: die gehoor verbeel hulle dat daar 'fairy lights' (klein liggies) rondom die sirkus is wat die idee van toordery gee
- Aksie: 'n vrou word tydens 'n opvoering by die sirkus in twee gesny en met towery weer aanmekaar vasgesit
- Kostuums: Meisie dans die nag in met haar aannemingsrok, Konstabel verander sy baadjie van 'n polisieuniform na 'n Pierrot (nar)-kostuum
- Klank: die musiek van die sirkus kan deur die venster en deur gehoor word. 'n Gevoel van towerkuns/die bonatuurlike word geskep
- Die stelontwerp: die valdeur in die kombuisplafon na die solder waar Gabriël woon/wegkruip maak oop om 'n misterieuse emmer te laat sak (4)

7.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en identifisering van die karakters in die toneelstuk toon.

Ken EEN punt vir elke karakter se naam toe

**Die karakters is:**
- Meisie
- Konstabel
- Miem
- Gertie (4)

7.4 Nasieners aanvaar antwoorde wat analiseer en evalueer hoe die akteurs Stanislavski se Sisteem/Metode kan gebruik in die voorbereiding van hulle karakters vir 'n vaardige en sensitiewe opvoering.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed geanaliseerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees
- Slegs drie punte as die antwoord nie verwys na die karakter nie

**Noem en bespreek DRIE tegnieke van Stanislavski se Sisteem/Metode wat akteurs kan toepas om hulle karakters uit te beeld.**
**Die volgende is 'n riglyn:**

**Motivering van elke aksie:**
- Elke aksie het 'n rede, 'n behoefte en ‘n drang wat bevredig moet word

**Verbeelding:**
- Die akteur gebruik verbeelding om in die wêreld wat op die verhoog geskep word, te glo: karakters, dialoog, emosies en verhoudings

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Gegewe omstandighede**
- Kennis van die toneelstuk, intrige, verhoogstel, omgewing (geografie/plek) en sosiopolitieke konteks
- Kennis van die karakter, biografie, agtergrond, motiewe en doelstellings

**Fisiese telling van handelinge:**
- Aksies en reaksies tussen karakters en inligting oor mekaar is op die werklike lewe gebaseer, bv. emosies, gedagtes, bewegings, woorde, besluite
- Die geskikte keuse, skepping en karakterisering (gesigsuitdrukkings, gebare en bewegings) in die skep van die lewe van die toneelstuk op die verhoog

**Maatwerk:**
- Verskuiwings (veranderings) in denke, gevoelens, behoeftes, handelinge, tonele, verskynings en afgaan moet effektief en realisties weerspieël word
- Verskuiwings (veranderinge) in eenhede en doelstellings moet in die fisiese en vokale uitdrukking van die karakter weerspieël word

**Vokale uitdrukking:**
- Dialoog, gesprekke, woorde en taalgebruik is op die werklike lewe gebaseer om die illusie van bv. 'n werklike gesprek te weerspieël
- Stemtoon, tempo, pas, volume, ens. word verstaan en skep betekenis van die gedagtes en gevoelens

**Magiese asof ('magic if'):**
- Die gebruik van verbeelding en visualisering om die handelinge, motiverings, emosies en behoeftes van die karakter geloofwaardig en outentiek (werklik) te maak
- 'Toneelspel is glo'
- Die 'wat as'-vraag moet beantwoord word

**Aandagsirkels:**
- Die akteur se fokus moet op die wêreld van die toneelstuk (gegewe omstandighede, lewens van die karakters, intrige, doelstellings, ens.) wees en nie op die gehoor nie

**Emosionele geheue:**
- Om uit persoonlike ervarings te put om die emosionele werklikheid van karakters, gebeurtenisse, insidente, gesprekke, ens. uit te beeld
- Slegs herinneringe ouer as sewe jaar moet gebruik word (6)

7.5 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat begrip, analise en evaluering van die finale oomblikke van die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee stellings wat goed beskryf is OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Teen die einde van die toneelstuk:**

**Karakter kniel (Meisie):**
- Maak haar ore toe want sy wil nie die sirkusmusiek hoor nie
- Leun na Konstabel toe, gee haarself oor aan hom
- Besluit of sy met Afrikaner Calvinisme sal voortlewe of vryheid sal kies en saam met Konstabel weggaan


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Karakter wat aan Meisie se gesig raak (Konstabel):**

- Probeer om haar hande van haar ore af weg te trek sodat sy na die sirkusmusiek kan luister en daardeur verlei word
- Beweeg nader aan haar sodat hy aan haar gesig en liggaam kan raak en hy in staat is om haar te manipuleer en uiteindelik te beheer
- Kan moontlik 'n tevrede uitdrukking op sy gesig hê want hy het daarin geslaag om haar te oorreed
- Volg Meisie soos wat sy soos 'n vlinder raak en by die deur uitdans. Alles word donker terwyl die sirkusmusiek al harder word (4)

7.6 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip kreatiwiteit en verbeelding toon en voorstelle gee oor wat met die karakters kon gebeur het indien die toneelstuk ná die oorspronklike einde sou voortgegaan het. (Nasieners ken punte toe vir kreatiwiteit en begrip van Magiese Realisme in die Teater).

- Sien holisties na

Die volgende is 'n riglyn:
**Indien die toneelstuk na die oorspronklike einde sou voortgegaan het, het die karakters dalk:**

- Vir ewig in die nag in verdwyn
- Die polisie gebel net om uit te vind dat dit Konstabel is wat antwoord. Uit vrees om deur die polisie gevang te word, keer hy terug na die huis en vermoor beide vroue en sit hulle liggame in goiingsakke en steek hulle in die dak weg, waar Gabriël ook dood gevind word
- Hoor oor die sirkus-PA-stelsel dat die nuwe sweefstokkunstenaar 'Meisie' is en dat Gertie saam met die boer langsaan weggeloop het (4)

7.7 7.7.1 Nasieners aanvaar enige relevante en goed verduidelikte antwoorde wat die belangrikheid van die volgende tydaanduiding in die intrige van die toneelstuk.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed verduidelikte stelling

Die volgende is 'n riglyn:
**Die Groot Depressie:**

- Die toneelstuk speel af in die Depressie-jare, 31 Augustus 1936, toe die Afrikaners uiterse armoede ondervind het
- Miem vertel hoe hulle hulle plaas verloor het
- Sy praat oor hulle huidige onseker, arm en kwesbare bestaan op die plot
- Sy en Meisie verkoop mis aan die boere. Hulle maak sakke uit goiing
- As gevolg van die Depressie bly Gabriël in die solder. Dit is sy manier van bevryding/verlossing. Hy hoef nie verantwoordelikheid te neem vir 'n oplossing van die plaas wat verloor is en die armoede van die gesin nie
- Die Depressie wys ook figuurlik op die gesin en dorp se geestelike 'Depressie', bv. die sirkus was as boos beskou word (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

7.7.2 Nasieners aanvaar enige relevante en goed verduidelikte antwoorde wat die belangrikheid van die volgende tydaanduiding in die intrige van die toneelstuk.
Ken volpunte toe vir:
- Een goed verduidelikte stelling

Die volgende is 'n riglyn:
**Middernag (00:00):**
- **Die bose uur:** die volgorde van gebeurtenisse in die toneelstuk vind plaas in die aand en later daardie nag teen 00:00
- **Fabelagtige landskap:** Dit is ook die tyd van die magiese wêreld. Met hierdie konneksie kan jy verwys na die feëverhaal van Aspoestertjie wie se koets en perde om middernag in 'n pampoen terugverander het – en so pas dit in by die idee van 'n feëagtige landskap (2)

7.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.
- Sien holisties na

**Temas moet insluit:**
**Afrikaner Calvinisme:**
- Afrikaner Calvinisme, met sy dogma (geloof) en reëls, word steeds beoefen en verkondig deur sommige mense en predikers in die hedendaagse kerk
- Gevoelens van skuld is altyd teenwoordig. Daardie gevoelens is teenproduktief indien dit nie opgelos word nie
- Baie Afrikaners word moontlik steeds onderdruk deur streng, dogmatiese, godsdienstige Calvinistiese reëls en gedagtes
- Calvinistiese Afrikaners glo dat hulle volgens streng emosionele en fisiese beperkings moet leef. Die gehoor kan sien dat hierdie mense 'n alternatiewe lewenswyse kan vind; 'n lewe van geleenthede en blydskap
- Streng dogmatiese Calvinisme vestig vrees vir die nuwe, die vreemde en enigiets wat anders is as wat bekend is en deur Calvinisme geleer word. Die gehoor kan sien hoe onderdrukte Afrikaners nuwe maniere om te dink, voel en te leef, sal vind

**Vrees vir die onbekende:**
- Daar is gevaar buite die huis. Dit is 'n scenario wat aan die gehoor bekend is want ons land is deesdae vol misdaad. Dit is gevaarlik om in die aand uit te gaan
- Die verdwyning van 'n persoon is 'n gebeurtenis wat deesdae dikwels in ons samelewing plaasvind
- Misdaad is steeds algemeen in ons land en die aankoms van iemand vreemd by jou deur kan enige tyd 'n werklike bedreiging wees
- Die gevolge van vrees, isolasie en paranoia is dat mense voeling met die werklikheid verloor en ophou om doeltreffend te funksioneer, bv. Gabriël wat in die solder bly

**Bevryding:**
- Die tema bevryding is duidelik in hierdie toneelstuk. Konstabel bied die potensiaal van vryheid en bevryding van hulle persoonlike onderdrukkende omstandighede aan die vroue. Deesdae kan baie vroue aansluiting vind by die omstandighede waarin die vroue in die toneelstuk hulleself bevind want hulle voel dalk ook vasgevang in hulle omstandighede en wil ontsnap, bv. ongelukkige huwelike, armoede, ens. (10)
- Die gehoor het empatie met die karakters se situasie en hoop dat hulle uit hulle isolasie, beperking en angstige oortuigings kan ontsnap

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

8.1 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis, begrip en 'n definisie van die term *Gemeenskapsteater* toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling

**Gemeenskapsteater:**
- Dit is teater vir die gemeenskap geskep deur die mense van die gemeenskap
- Is die produk van 'n groep binne 'n groep
- Is 'n kreatiewe interpretasie van die lewe van 'n gemeenskap op die verhoog opgevoer (2)

8.2 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat kennis, begrip, analise en evaluering van die doelstellings van Gemeenskapsteater toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

**Die doelstellings van Gemeenskapsteater is om:**
- Gemeenskappe te mobiliseer/aan te moedig om deel te neem aan projekte wat dikwels daar is om die mense in die gemeenskap te bemagtig
- Dialoog en kommunikasie aan te moedig oor kwessies wat gemeenskappe affekteer, bv. Menslike immuniteitsgebreksvirus (MIV) Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS), Geslags Gebaseerde Geweld (GGG), misdaad ens.
- Die gemeenskap te bemagtig en sensitief te maak oor en bewus te maak van verskillende onderwerpe, bv. die belangrikheid van onderwys, negatiewe gevolge van swak bywoning van skole, die gevare van dwelm- en alkoholmisbruik, ens.
- Die gemeenskap te motiveer om konflikte te debatteer, bespreek en op te los
- 'n Verhouding met lede van die gemeenskap te bou en hulle te motiveer om deel te neem en te help om gemeenskapsgees en -eenheid op te bou
- Belangrike kwessies te ondersoek deur die gebruik van drama, dans, mimiek en sang as 'n manier om oplossings vir die probleme in die gemeenskap te vind en om gemeenskappe saam te bring en
- Inkomste te genereer
- Werksgeleenthede en/of betekenisvolle vermaakaktiwiteite te skep (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

8.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise, benaming en 'n beskrywing van 'n verhoogtipe toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n voorbeeld:
**'n Geskikte verhoogtipe kan 'n oop verhoog/tong verhoog wees wat:**
- In 'n vertrek/gebou/ruimte met die gehoor aan drie kante van die aksie
- Die gehoor se gevoel van gemeenskap verhoog. Hulle voel by die aksie ingesluit want hulle is naby die optredes/kunstenaars en deel in die opvoerenergie, bv. 'n musiekkonsert (4)

8.4 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, analise, evaluering en voorstelle van die bydrae van 'n tegniese span vir die gebeurtenis.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

**'n Tegniese span kan:**
- Die stel opstel en afslaan
- Tegniese toerusting gebruik, opstel en afslaan
- Sitplekke/Pawiljoene opstel/afslaan as die ruimte leeg of buite is
- Multimedia (klank- en beligtingstelsels) verskaf
- Met die klankborde/-toerusting werk
- Met die beligtingborde/-toerusting werk
- Die verhoog sigbaar maak vir die gehoor met spesiale beligting
- Stemming en atmosfeer skep met spesiale beligtingseffekte
- 'n Klankomgewing ontwerp spesiaal vir die gebeurtenis
- Toneelstukmusiek speel wat geskik is vir die gewenste atmosfeer (4)

8.5 Nasieners aanvaar relevante en goed beskrywende antwoorde wat kennis, begrip, analise en toepassing toon van vokale en fisiese vaardighede wat benodig word om woorde vir die gehoor op te voer.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed beskrywende stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

**'n Opvoering van die woorde kan insluit:**
**Vokale vaardighede/Verbale dinamika:**
- Duidelike artikulasie van vokale
- Goed geplaaste vokale dinamiek soos volume, pas, toonhoogte


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Doeltreffende projeksie vir hoorbaarheid of mikrofoontegniek
- Die korrekte gebruik van toonhoogte en klem om die gehoor opgewonde te maak
- 'n Kreatiewe manier om die woorde uit te spreek wat as rap, sang, gedig, ens. opgevoer kan word
- Lessac se beginsels van onderstreping van vokale te gebruik
- Assonansie is effektief gebruik

**Fisiese vaardighede:**
- Die liggaam moet die boodskap en emosies van die woorde oordra
- Fisiese optrede moet sonder enige spanning wees
- Die kunstenaar se selfvertroue sal gesien word in sy/haar postuur-/houding-, en bewegingskeuses op die verhoog, die gebruik van liggaamsdele, gebare en gesigsuitdrukkings (6)

9.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip van die spraakbeginsels toon.

Ken volpunte toe vir:
- Elke goed gemotiveerde stelling

Die volgende is 'n riglyn:

9.1.1 **Resonansie**:
- Verwys na die versterking en modifikasie (verandering) van die basiese laringeale toonhoogte deur middel van vibrasies en klankborde van die liggaam
- Verwys na die aksie om die stem/klanke/toonhoogtes in die holtes (hol spasies) in die liggaam te plaas
- Verwys na die werklike resonansie van die stem/klank/toonhoogte in hierdie holtes en omliggende bene; die kop (voorkop, kante van die kop), sinusse, neus, keel, bors (2)

9.1.2 **Toonhoogte**:
- Verwys na hoe hoog of laag die stem op die vokale klankskaal geplaas is (2)

9.1.3 **Klem**:
- Verwys na 'n nadruk/aksent geplaas op woorde om dit te beklemtoon. Klem op woorde kan vir dramatiese/emosionele/tonale en vertolkingseffek gebruik word. Dit kan die betekenis en gevoel van 'n sin/oomblik verander (2)

9.1.4 **Projeksie**:
- Verwys na die plaas of rig van jou stem en jou spel na die gehoor vir maksimum effek (2)

9.1.5 **Artikulasie**:
- Verwys na die vorming van duidelike en helder klanke (konsonante) in spraak deur die gebruik van artikulasie-organe (2)
(10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

9.2 9.2.1 Nasieners aanvaar relevante en goed beskrywende antwoorde wat kennis en begrip van die doel van opwarmingsoefeninge toon om spanning in die skouers te verlig.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed beskrywende stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
Oefeninge om skouerspanning te vermy:
**Skouerrolle**:
- Staan met jou bene heupwydte uitmekaar. Laat die arms los langs die liggaam hang. Maak die skouergewrigte, die elmbooggewrigte en die gewrigte los. Haal stadig asem in en uit deur die neus. Om die asemhaling te doen, gebruik die tussenribspiere en die diafragma. Laat beide skouers en die bors ontspan terwyl jy asemhaal. Roteer beide skouers in die gewrigte voorwaarts in 'n sirkelbeweging asof jy 'n onsigbare sirkel teken. Herhaal 'n paar keer. Doen dieselfde met die skouers met 'n terugwaartse beweging in die gewrigte
- Lig beide skouers op na die ore. Asem in. Span beide skouers (spiere en gewrigte). Hou hierdie posisie vir 'n paar sekondes. Ervaar en voel die spanning in die skouers, spiere en gewrigte. Asem uit en ontspan die skouers, spiere en gewrigte. Doen die hele oefening 'n paar keer. (4)

9.2.2 Nasieners aanvaar relevante en goed beskrywende antwoorde wat kennis en begrip toon van die doel van opwarmingsoefeninge om 'n stem wat uitasem klink, te verbeter.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed beskrywende stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Diep asemhalingsoefeninge:**
- Staan met jou voete heupwydte uitmekaar. Laat die arms los langs die liggaam hang. Maak die skouergewrigte, die elmbooggewrigte en die gewrigte los. Haal stadig asem in en uit deur die neus. Om die asemhaling te doen, gebruik die tussenribspiere en die diafragma. Laat beide die skouers en bors ontspan. Haal stadig asem, in en uit en tel tot by vyf.

**Asemhalingsbeheeroefeninge:**
- Staan met jou voete heupwydte uitmekaar. Laat die arms los langs die liggaam hang. Maak die skouergewrigte, die elmbooggewrigte en die gewrigte los. Haal stadig asem in en uit deur die neus. Om die asemhaling te doen, gebruik die tussenribspiere en die diafragma. Laat beide die skouers en bors ontspan terwyl jy stadig asemhaal. Plaas hande plat op die diafragma soos wat dit soos 'n ballon opblaas. Voel hou jou diafragma uitswel en saamtrek soos wat jy in en uit asemhaal. Herhaal 'n paar keer. (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

9.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en analise toon van die waarde van opwarmingsoefeninge vir 'n opvoering.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling

Die volgende is 'n riglyn:
Opwarmingsoefeninge:

- Berei die liggaam voor om fisiese handelinge en bewegings uit te voer
- Voorkom beserings aan die bene, ligamente en spiere
- Verskaf suurstof aan die liggaam wat energie gee
- Verhoog die mobiliteit van die skelet en bene
- Verhoog buigsaamheid in die gewrigte, spiere en ligamente (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 en 9: 10 PUNTE

| Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkprosesse te gebruik en toe te pas om die kandidaat se prestasie te meet. | | |
|---|---|---|
| **BESKRYWER** | **PUNT** | **DIE KANDIDAAT TOON 'N VERMOË OM** |
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Denke oor Kennis**<br><br>**Skep** | **9–10** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Verander, lewer opnuut 'n uitstaande vlak met denke op 'n metakognitiewe vlak<br>• **Die antwoord:** Skep, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n oorspronklike wyse en op 'n uitstaande vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks insiggewende teoretiese en estetiese voorbeelde |
| **Verdienstelik**<br><br>**Proseduriële-Denke oor Kennis**<br><br>**Evalueer** | **7–8** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Evalueer en kom tot gevolgtrekking op verdienstelike vlak met denke op 'n procedurevlak<br>• **Die antwoord:** Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n interessante antwoord op 'n oorspronklike manier op 'n verdienstelike vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf analise van 'n wye reeks insiggewend gekose teoretiese en estetiese voorbeelde |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Denke oor Kennis**<br><br>**Analiseer** | **5–6** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Doen navraag, kontrasteer op gemiddelde vlak met denke op 'n konseptuele vlak<br>• **Die antwoord:** Ondersoek, kontekstualiseer en gee 'n antwoord op 'n gemiddelde vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf en ondersoek voorbeelde |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Toepas** | **4** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Identifiseer, organiseer en interpreteer op 'n elementêre vlak met denke op 'n feitelike vlak<br>• **Die antwoord:** Verstaan en gee 'n reguit en voorspelbare antwoord op 'n elementêre vlak<br>• **Voorbeelde:** Verskaf 'n paar voorbeelde |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Verstaan/Begrip** | **3** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Identifiseer en noem op 'n basiese vlak met basiese denke op 'n feitelike vlak<br>• **Die antwoord:** Verstaan en verskaf 'n antwoord met 'n paar reguit basiese feite<br>• **Voorbeelde:** Verskaf verkeerde voorbeelde of geen voorbeelde NIE |
| **Nie behaal nie**<br><br>**Feitelike Denke oor Kennis**<br><br>**Onthou** | **0-2** | • **Kognitiewe vlakke en denkproses:** Geen identifikasie of noem nie en sonder denke<br>• **Die antwoord:** Geen begrip van die vraag en verskaf feite wat nie met die vraag verband hou nie<br>• **Voorbeelde:** Verskaf geen voorbeelde nie |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## BYLAE B: BLOOM SE TAKSONOMIE

**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

Nasieners moet opgelei word oor hoe om al ses die kognitiewe vlakke asook die vier denkvlakke te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasie te meet.

| DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE | ↓ → | DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Onthou** | **Verstaan** | **Toepassing** | **Ontleding** | **Evaluering** | **Skep** |
| | **Feitelik** | Noem | Opsom | Reageer | Kies | Gaan na vir | Ontwikkel |
| | **Konseptueel** | Herken | Klassifiseer | Verskaf | Onderskei | Bepaal | Stel saam |
| | **Prosedure** | Herroep | Verklaar | Uitvoer | Integreer | Beoordeel | Ontwerp |
| | **Metakognitiewe** | Identifiseer | Voorspel | Gebruik | Dekonstrueer | Besin | Skep |

| **1. Onthou** | |
|---|---|
| Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer | |
| **Noem** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit word<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem |
| **Identifiseer** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is |
| **Kies** | Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is |

| **2. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of te verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, te vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets |

| **3. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op te los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **4. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **5. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **6. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan/oorsprong |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African